# SAWA Rietfontein Nuusbrief



## Augustus - November 2024
## Kers Uitgawe

# Inhoud


1. Nuus vanaf die Voorsitter
2. Bestuurs Inligting
3. Lief en Leed
4. Kampjoernaal
   a. AJV - 3 Berge 23 - 25 Augustus
   b. Kokoriba 13 - 15 September
   c. Eastco (Parys) 25 - 27 Oktober
5. Resepte
6. Grappies
7. Verjaarsdae

# Suid - Afrikaanse Woonwa - Assosiasie
# Rietfontein Streek
## Voorsittersbrief - November 2024

**.....en toe is dit weer November en dan amper Desember !**
**Daar is ‘n paar lekker saamtrekke en ander geleenthede wat voorlê. Ons mis die Steenkamps, Combrincks, du Plessis, van Aardts, Endersteins, Kopkes, Standers Scotts,van Stadens en so paar ander. Ons as Bestuur nooi julle hartlik uit om mee te maak aan die saamtrekke en ander saamkuier geleenthede, dit onvoorwaardelik lekker om saam almal te kuier. Hier is die planne vir 2025 :**

**17 tot 19 Januarie 2025 – Bush Inn**
**28 Februarie tot 2 Maart 2025 – Sionbergh ( Oosrandia Gebied Saamtrek )**
**8 Maart 2025 – ERCW Potjiekos Kompetisie**
**20 tot 23 Maart 2025 – Bosveld Oase**
**17 tot 21 April 2025 – Presidente 2025 – The View on Vaal**
**8 Mei 2025 – 8ste Gholfdag - SMCC**
**30 Mei tot 1 Junie 2025 – Buffelspoort Sitrusfees ( Satelliet Goudrif )**
**13 tot 16 Junie 2025 – Badplaas**
**2 tot 4 (SB) & 4 tot 6 Julie 2024 – Weesgerus ( Gebied Jakaranda Saamtrek )**
**16 Augustus 2025 – AJV 13 – Tuis**
**29 tot 31 Augustus 2025 – Almega**
**26 tot 28 September 2025 – Bush Inn – Nasionale Saamtrek ( Gebied Oosrandia )**
**24 tot 26 Oktober 2025 – Mbizi**
**28 tot 30 November 2025 – Geheim – Kerskamp**

**Saam met my, word Alida, Anita, Carel, Lance, Stella, Lida en Retha almal 60 in 2025, ons gaan erens by ‘n kamp moet groot partytjie hou.**

**Net so vinnige kant nota oor die Presidente Saamtrek by View on Vaal, ons is saam die ander streke in Gebied Oosrandia die kamp ko-oordineerders. Kom beplan en kamp saam, dan maak ons dit ‘n lekker saamkuier Paasnaweek.**

**Dankie aan Juan-Mari wat vir ons die Somer uitgawe van die boekie aanmekaar gesit het.**

**Ek en Elize, asook die ander Bestuurslede wens almal ‘n geseënde Kersfees toe, veilig rondry op vakansie en ons sien mekaar weer vroeg in 2025 wat gaan afskop met ‘n “bang”.**

**Ek sluit af met hierdie gedeelte uit die Kerslied Somerkersfees : Kersfees kom, Kersfees kom - Gee aan God die eer. Skenk ons ‘n helder Somerkersfees In hierdie land, o Heer.**

**Stuur groete !**

**Hentie Wessels**
**( Voorsitter : SAWA Rietfontein )**

# Bestuurs Inligting

Voorsitter - Hentie Wessels
083-448-0777

Ondervoorsitter - Martin von Mollendorf
082-852-4723

Sekretaris - Elize Wessels
082-818-6412

Oord Skakelbeampte - Retha von Mollendorf
082-924-9174

Penningmeester - Juan-Mari Prinsloo
079-571-1526

Bate Houer - Hennie Smit
067-322-0948


Jeug Koordineder - Niel Wessels
076-834-7462

# Lief & Leed

- Lief
    - Lucia Jardine se suster het nuwe werk gekry
    - Craig en Charlize word Lede
    - Leon en Anita het n nuwe woonwa
    - Hennie en Quinette het n nuwe woonwa
    - Hennie en Quinette het n nuwe sleep voertuig
    - Kleintjie en Steve is Verloof
    - Dylan (Anneline se seun) kry groot prestasie en trofee by skool
    - Leane van Aard maak Matriek klaar
    - Cielie se sentraal Noordwes visvang span wen kompitiesie

- Leed
    - Claud Jardine se broer is oorlede
    - Elanza Barnard se moeder is oorlede
    - Kobie van der Zwan se varder is oorlede
    - Martin en Yolandi verkoop hul woonwa
    - Coenie van staden was gebyt deur n spinnekop en moes vir n operasie gaan
    - Lance en Stella Batts se sleepvoertuig het gebreek
    - Lance Batts moet gaan vir Knieg vervanging










**Drie Berge**

*Karavaanpark*


























KOKORIBA
Wildreservaat Game Reserve
012-277 1204
















Eastco cc

Holiday & Caravan Resort

Parys











# Resepte

## Macaroni-en-kaas-jaffels



As jy nie bang is vir koolhidrate nie, dan is hierdie een vir jou.
genoeg vir 10
150 g macaronipasta
300 ml melk
2 lourierblare
1 knoffelhuisie, fyngekap 30 ml botter
30 ml koekmeel
100 g cheddarkaas, gerasper
50 g parmesaankaas, gerasper
15 ml gerookte paprika
1 hand vol pietersielie, fyngekap sout en varsgemaalde swartpeper 20 snye brood
100 ml sagte botter

Maak pasta gaar volgens aanwysings op pak, dreineer en hou eenkant. Plaas melk, lourierblare en knoffel in middelslagpot en bring tot kookpunt. Haal van hitte af en laat staan tot melk louwarm is. Smelt botter in skoon pot, voeg meel by en klits oor lae hitte tot gemeng. Gooi al die melk op een slag by en hou aan klits oor hoë hitte tot gladde, romerige witsous vorm, sowat 5-8 minute. Verwyder van hitte en roer kaas, paprika en pietersielie by. Vou gaar macaroni by. Proe en geur met sout en peper. Smeer een kant van elke sny brood met botter. Plaas een sny met gesmeerde kant na onder in 'n jaffelpan. Skep 'n lepel vol van die macaroni bo-op. Plaas tweede sny brood bo-op met botterkant na buite. Maak pan toe en sny brood wat oorsteek af. Braai oor lae hitte vir sowat 2-3 minute per kant of tot goudbruin. Haal uit pan en maak nog jaffels met res van brood en vulsel. Sit warm voor.

## Broodpoeding



- 8 croissants
- 1x 300 g piesangbrood
- 1 liter melk
- 5 eiers
- 200 g (250 ml) suiker
- 10 ml kaneel
- 125 g frambose
- 100 g pekanneute, gekap
- 100 g donkersjokolade, grofgekap
- 500 ml vanieljevla vir voorsit
-

Voorverhit die lugbraaier 180 °C.
Breek die croissants in kleiner stukke en plaas in 'n groot mengbak. Krummel die piesangbrood in kleiner stukke en voeg by die croissants. Voeg die res van die bestanddele by en meng deur. Maak seker alles is goed bedek. Spuit 'n 3 liter- Bundtpan met kleefwerende kossproei en skep die mengsel in die koekpan. Bak die poeding vir 20-25 minute of tot goudbruin en gestol. Keer uit op 'n opdienbord en giet die vla oor. Sit voor.

# Grappies

HET JY GEHOOR!!!!!!!!!
Hulle het die fabriek gekry wat vrouens maak: FATTI'S & MOANIES.
Toe soek hulle verder en kry sowaar die een wat mans ook maak: KNORR!!

Nadat ek so baie geëet het hierdie winter,
Is ek trots om te rapporteer,
dat my plakkies nog pas.

Man staan voor sy vrou en sê:
"VAN NOU AF IS EK DIE BAAS!
Ek wil 3-gang maaltye hè, koek saam met my koffie en snacks tussen-in! Tap my badwater, sit my skeergoed reg! Haal vir my klere uit! En raai wie gaan my aantrek en my hare mooi maak?"
Vrou antwoord...:
"AVBOB"😂😂😂

DIE HUWELIKSNAG
Hy : Uiteindelik, ek het so lank hiervoor gewag!
Sy : Wil jy hê dat ek ooit moet weggaan?
Hy : NEE!!!!
Sy : Hou jy van my?
Hy : Natuurlik, baie!
Sy : Het jy my al ooit bedrieg?
Hy : NEE. hoekom vra jy my dit?
Sy : Wil jy my soen?
Hy : Elke keer as ek die kans kry!
Sy : Sal jy my ooit vloek?
Hy : Is jy gek?
Sy : Kan ek jou vertrou?
Hy : Ja my liefie...
Sy : My liewe skat!
...en na 30 jaar se huwelik: lees dit nou van onder na bo 😂😂

SUID AFRIKA HET SO GEVAARLIK GERAAK, NIE EERS DIE SPOOK VAN UNIONDALE WIL MEER HIKE NIE.

More.......Wil net vir almal laat weet ek is okay... Ek het vanmore my bakkie gerol, die hele tafel was vol pap en melk! 😑

'n Ou omie word voorgekeer deur die Polisie, ongeveer 02:00 in die oggend en
hul vra hom waarheen hy oppad is hierdie tyd van die oggend.

Hy antwoord, "Ek is oppad na 'n lesing oor drink en bestuur; die uitwerking van alkohol op die menslike liggaam; die newe-effekte van rook en ook die nadele van laatnag kuiers saam mens se vriende."
Die polisieman is erg verbaas en vra, "Regtig. Wie op aarde gee daardie soort lesings die tyd van die oggend?"
"My vrou!"
19:28

Maak jou kinders met koffie groot. Dan sal hulle nooit tee praat nie 😂

# Verjaarsdae

## Januarie

| | |
|---|---|
| Leon Bruwer | 3 Januarie |
| Hentie Wessels | 14 Januarie |
| Elzette Clarence | 20 Januarie |
| Magda Els | 23 Januarie |

## Februarie

| | |
|---|---|
| Christo Broderick | 22 Februarie |

## Maart

| | |
|---|---|
| Terry Green | 1 Maart |
| Don Pretorius | 8 Maart |
| Ryno Stander | 9 Maart |
| Mercia McLeen | 10 Maart |

## April

| | |
|---|---|
| Kwagga Combrinck | 4 April |
| Sally Trent | 5 April |
| Lucia Jardine | 11 April |
| Liezel Enderstein | 12 April |
| Anneline Kruger | 15 April |
| Elain Briel | 17 April |
| Alfie Scott | 24 April |
| Jan Du Plessis | 25 April |
| Isstel Broekman | 26 April |

## Mei

| | |
|---|---|
| Yolandi Koekemoer | 3 Mei |
| Leon Bruwer | 15 Mei |
| Hennie Smit | 18 Mei |
| Martin von Mollendorf | 25 Mei |

## Junie

| | |
|---|---|
| Paul Els | 14 Junie |
| Stella Batts | 16 Junie |
| Jana van Aardt | 28 Junie |
| Japie de Villiers | 28 Junie |

## Julie

| | |
|---|---|
| Koos Kopke | 2 Julie |
| Martin von Mollendorf | 4 Julie |
| Niel Wessels | 7 Julie |
| Magda de Villiers | 9 Julie |
| Elize Carstens | 18 Julie |
| Carel Broekman | 18 Julie |
| Percy Steenkamp | 24 Julie |
| Elanza Barnard | 30 Julie |

## Augustus

| | |
|---|---|
| Elsa du Plessis | 5 Augustus |
| Shaun McLeen | 5 Augustus |
| Tinus von Mollendorf | 8 Augustus |
| Rita Bruwer | 10 Augustus |
| Elize Wessels | 13 Augustus |
| Andre van den Berg | 24 Augustus |
| Rachelle Burger | 25 Augustus |
| Retha von Mollendorf | 27 Augustus |
| Gerda van Staden | 27 Augustus |

## September

| | |
|---|---|
| Nellie Green | 6 September |
| Zaak van Aardt | 17 September |
| Jako Briel | 27 September |

## Oktober

| | |
|---|---|
| Dirkie Enderstein | 8 Oktober |
| Coenie van Staden | 9 Oktober |
| Claud Jardine | 12 Oktober |
| Kleintjie van Vuuren | 15 Oktober |
| Amanda Venter | 17 Oktober |
| Alida van den Berg | 20 Oktober |
| Craig Brown | 28 Oktober |
| Charlize Coetzee | 29 Oktober |

## November

| | |
|---|---|
| Juan-Mari Prinsloo | 1 November |
| Quinette Smit | 1 November |
| Nicola Scott | 2 November |
| Cielie Broderic | 14 November |
| Lieze Combrink | 17 November |
| Anita Bruwer | 18 November |
| Steve Coetzee | 20 November |
| Lance Batts | 20 November |

## Desember

| | |
|---|---|
| Percy Steenkamp | 8 Desember |
| Jannie Barnard | 18 Desember |
| Terrence Green | 20 Desember |
| Lida Steenkamp | 31 Desember |